

Eksaminator: Me. B. van der Colf

Moderator: Mnr. K. De Bruyn

Tyd: 2½ uur

Punte: 100

LEES ASSEBLIEF DIE VOLGENDE INSTRUKSIES NOUKEURIG DEUR:

1. Hierdie vraestel bestaan uit **18 bladsye**. Maak asseblief seker dat jou vraestel volledig is.
2. Hierdie vraestel bestaan uit **VIER AFDELINGS**:
(Kyk ook na die voorgestelde tydsindeling vir elke afdeling.)

Afdeling A - Leesbegrip	[30 punte]	(45 minute)
Afdeling B - Opsomming	[10 punte]	(25 minute)
Afdeling C - Gedigte	[30 punte]	(40 minute)
Afdeling D - Taalvaardigheid	[30 punte]	(40 minute)
3. Beantwoord AL die vrae.
4. Beplan jou antwoorde deeglik voordat jy dit neerskryf.
5. Begin **elke afdeling en elke vraag** op 'n **nuwe bladsy**.
6. Nommer jou antwoorde presies soos die vrae op die vraestel genummer is.
7. ALLE vrae **moet in Afrikaans** beantwoord word.
8. Let op die puntetoekenning by elke vraag.
9. Dit is in jou eie belang om leesbaar te skryf en jou werk netjies aan te bied.

Voorspoed!

Naam: _____ **Onderwyser:** _____

AFDELING A LEESBEGRIP

VRAAG 1 INTERNETARTIKEL

Lees die volgende artikel en beantwoord dan die vrae wat daarop volg.

AGT JAAR LATER KRY “TANDJIESHOND” VIR-ALTYD-HUIS - *Janice du Plessis*

1. Maroela Media het op 2 Februarie in die artikel , “Skattige “tandjieshond” steel harte,” berig dat ten spyte van *Funny Bones* se innemende (*endearing*) en speelse persoonlikheid wag hy al jare vir ‘n aanneem-huis. Hierdie negejarige Africanus-hond, met sy unieke voorkoms (*appearance*) het soos ‘n seer oog uitgestaan. Hy is al die afgelope agt jaar by die *Domestic Animal Rescue Group* (DARG) in Houtbaai.
2. Die plasing van *Funny Bones* se foto’s op Facebook is onlangs 10 000 keer gedeel en die kommentaar was positief. Een van die kommentare is dat hy net soos *Alf* van die “*Muppet Show*”, lyk en ‘n ander een is dat hy pragtige tandjies het. DARG het daarna gesê: “Ons het byna 120 mense gehad wat e-posse gestuur het of gebel het om aansoek te doen. Ons hoop 2024 sal *Funny Bones* se jaar wees.”
3. *Funny Bones* het as ‘n jong hondjie van ‘n informele nedersetting (*settlement*), *Imizamo Yethu*, by die organisasie beland nadat hy met ‘n skerp voorwerp in sy nek gestee is.
4. Hy was blykbaar ‘n gefrustreerde en “moeilike hond” in sy jonger dae omdat hy nie by die skuiling (*shelter*) wou wees nie. Een van die uitdagings (*challenges*) was dat hy glad nie met katte oor die weg kom nie, en 90% van die mense wat aansoek gedoen het om hom aan te neem, het katte gehad. Verder kan *Funny Bones* ook ‘n bietjie stout wees. Hy is gek daarvoor om met stokke te speel en iets stukkend te byt en is geneig om gate te grawe wanneer hy gefrustreerd is.
5. Maroela Media het op 6 April 2024 berig: *Funny Bones*, die hond wat vroeër vanjaar die harte van duisende diereliefhebbers aangeraak het nadat ‘n skuiling in Houtbaai in die Wes-Kaap skattige foto’s van hom op Facebook gedeel het, is ná meer as agt jaar uiteindelik amptelik aangeneem. Sy droom het dus waar geword in 2024, hy het nou ‘n huis van sy eie.
6. Gelukkig het hy by die perfekte paartjie (*couple*) beland, wat baie geduld (*patience*) en baie liefde vir hom sal gee. *Funny Bones* se nuwe eienaars sê dat hy drie besoeke by hulle moes aflê wat elke keer met een uur verleng is. Hy was spelerig en gelukkig en het vinnig by ons slaap-en werkroetine aangepas. Dit is asof hy geweet het hy het nou ‘n huis wat hy syne kan maak. Hy laat hulle lag en is deel van die gesin.
7. Die nuwe eienaars se boodskap aan ander hondeliefhebbers is dat jy eers ‘n skuiling moet besoek voordat jy ‘n hond gaan koop. As jy lank genoeg in hierdie honde by die skuiling se oë kyk, sal jy verstaan hoekom hulle eerder saam met jou huis toe moet gaan as ‘n hond wat jy by ‘n teler (*breeder*) gaan koop. Die nuwe eienaars van *Funny Bones* sê: “Ons baba is nou waar hy moet wees, by sy vir-altyd-huis, en ons het hom oneindig lief.”

[Artikel verwerk uit: *Maroela Media*: 2 Februarie en 6 April 2024]



[Prente: Afgelaai, 7 April 2024]

VRAE:

1.1 Lees paragraaf een.

Hoekom, dink jy, het *Funny Bones* soos 'n seer oog uitgestaan? Sê volledig. (1)

1.2 Gee die naam van die bekende karakter na wie *Funny Bones* lyk. (1)

1.3 Hoekom is *Funny Bones* oorspronklik na *DARG* toe? (1)

1.4 Is die volgende stelling **WAAR** of **ONWAAR**?

1.4.1 *Funny Bones* is baie lief vir katte. (1)

1.4.2 **Motiveer** jou antwoord deur 'n gedeelte van 'n sin aan te haal. (1)

1.5 Gee **een moontlike rede** uit die leesstuk hoekom mense bang was om *Funny Bones* aan te neem. (1)

1.6 Op watter voorwaarde (*condition*) kon die nuwe eienaars vir *Funny Bones* aangeneem het? (1)

1.7 Noem **twee** positiewe dinge wat *Funny Bones* tot die huisgesin bygedra het. $(\frac{1}{2}+\frac{1}{2})$ (1)

1.8 Watter **advies** gee *Funny Bones* se eienaars aan ander mense? (1)

1.9 Verduidelik hoekom ons kan sê dat 2024 *Funny Bones* se jaar is? (1)

[10]

VRAAG 2 ADVERTENSIE: RAAK BETROKKE BY DIE FEESVIERINGE

Bestudeer die onderstaande advertensies en beantwoord dan die vrae wat daarop volg.

1.



[Advertensie 1: Afgelaai 19 Mei 2024]

Op 8 Mei 1925 is Afrikaans as amptelike taal erken, en 'n eeufees is iets wat gevier moet word. Die voorbereiding vir die groot fees om die 100ste jaar van die Afrikaans taal te vier, het begin. Afrikaans is 'n huis met baie kamers. Volgens Afrikaans.com is daar twaalf erkende variëteite van die taal. 'n Paar hiervan is: Karoo-Afrikaans, Kaapse Afrikaans en Standaardafrikaans. Afrikaans is 'n taal wat steeds groei. Elke jaar is daar nuwe woorde wat geskep word, soos lugbraai, beurtkrag en hommeltuig. Afrikaans is 'n moedertaal, bidtaal, droomtaal, doentaal, geselstaal en liefingstaal.

2.



[Advertensie 2: Afgelaai 19 Mei 2024]

Afrikaans het sy ontstaan uit Nederlands en is reeds baie ouer as 'n eeu, maar op 8 Mei 1925 het Afrikaans, naas Engels een van die twee amptelike tale geword. Indien jy as individu, instansie of besigheid betrokke wil raak, besoek die webwerf en ondersteun die veldtog deur die aanlynvorm te voltooi. Of stuur 'n e-pos na info@afrikaans100.org.

[Verwerk uit Netwerk 24, 19 Mei 2024]

2.1 Wie is die **teikenmark** vir hierdie advertensies? (1)

2.2 Wanneer presies sal Afrikaans **ampelik** honderd jaar oud wees? Gee die **dag, maand en jaar**. (1)

2.3 2.3.1 Sê of die volgende stelling **WAAR** of **ONWAAR** is. (1)

Daar is twee dialekte van Afrikaans wat gepraat word.

2.3.2 **Motiveer** jou antwoord deur uit die teks aan te haal. (1)

2.4 Kies die **korrekte** woord in hakies.

'n Nuwe woord wat in Afrikaans geskep word, byvoorbeeld "*lugbraaier*", word (innovasie / neologisme) genoem. (1)

2.5 Kies die **korrekte** antwoord. Skryf slegs die korrekte letter neer.

Indien jy baie **gelowig of godsdienstig** is, sal jy Afrikaans in 'n **gebed** gebruik.

Ons kan die taal dan gebruik as 'n _____.

A doentaal.

B bidtaal.

C droomtaal.

D geen van die bogenoemde nie. (1)

2.6 Noem **twee** maniere hoe jy kontak kan maak indien jy belangstel om deel van die feesvieringe te wees. (2)

2.7 Kyk na die **eerste** advertensie se woorde.

Dagsê, Hoezit, Awê?

In watter gespreksituasie, dink jy, gebruik 'n mens die woord, **Awê**? (1)

2.8 Kyk na die **tweede** advertensie se woorde.

Sy kom van vêr af.

Hoekom, volgens die teks, kan ons sê Afrikaans **kom van vêr af**? (1)
[10]

VRAAG 3 VISUELE BEGRIP SPOTPRENT

Bestudeer die spotprent. Beantwoord dan die vrae wat volg.



[Afgelaai: April 2024]

- 3.1 Kyk na die vrou se **gesigsuitdrukking** en gee **een woord** wat haar **gemoedstoestand** beskryf. (1)
- 3.2 Kyk na die man se **gesigsuitdrukking**. Gee een **visuele teken** wat wys dat hy baie geskok is. (1)
- 3.3 Kyk na die spotprent. Wikus en Willie is 'n identiese _____ (vul die ontbrekende woord in). (1)
- 3.4 Kyk na die **koerantopskrif** in die spotprent. Waarom was Wikus en Willie by die huis? (1)
- 3.5 Noem **twee** van die **troeteldiere** wat die gesin besit. (2)
- 3.6 Kyk na die spotprent.
 - 3.6.1 Noem een van die **items** wat die seuns in die huis omgegooi het. (1)
 - 3.6.2 Hoe weet ons dat die seuns op pad **skool toe** is? (1)
- 3.7 3.7.1 Dink jy, Willie en Wikus is **bekommerd** oor wat hulle gedoen het? (1)
 - 3.7.2 Gee 'n **rede** vir jou antwoord. (1)

[10]

TOTAAL AFDELING A: 30

AFDELING B OPSOMMING

VRAAG 4

Lees die teks en volg die instruksies hieronder.

- Die teks bestaan uit 5 punte. Maak 'n opsomming van **2 maniere by elke punt** hoe die digitale era 'n mens affekteer. Dit kan positief of negatief wees.
- Skryf **een of twee volsinne** by elke punt.

ONTHOU:

- 1 Moenie die sinne direk uit die teks aanhaal nie.
- 2 Elke punt moet **twee maniere** bevat hoe die digitale era 'n mens affekteer.
- 3 Nommer jou sinne van 1 tot 5.
- 4 Laat 'n reël na elke sin oop.
- 5 Jy sal gepeenaliseer word as jou opsomming te kort (minder as 60 woorde) of te lank (meer as 80 woorde) is. Skryf die **woordtelling** aan die einde van jou opsomming.
- 6 Beplan jou opsomming voor jy dit begin skryf. Trek 'n streep deur jou beplanning sodra jy klaar is met jou opsomming.

DIE IMPAK VAN DIE DIGITALE ERA



[Afgelaai: 19 Mei 2024]

Die internet en ander tegnologie het ons lewe totaal verander.

#1 Alles draai om my

Ons dokumenteer alles met selfies en Facebook-statusse asof die wêreld net om onself draai. Soms moet die aandag wat jy kry, opmaak vir leemtes in jou lewe. Hoe meer selfies iemand neem, hoe minder intimiteit is daar in hulle verhoudings.

#2 Moeg vir die skerm

Ons sit van die oggend tot die aand voor die skerm. Ons skakel nooit af nie en brand later uit. Dit veroorsaak depressie, eensaamheid, emosionele probleme en aggressie. Mense wat gestres is by die werk, is drie keer meer afwesig as hul kollegas wat hul stres goed bestuur.

#3 Baie data

Die moderne mens prosesseer meer informasie in een dag as wat iemand in die 1500's in 'n leeftyd prosesseer het. Ons moet meer aandag gee aan ons digitale voetspoor en persoonlike inligting. Mense se kommentaar op sosiale media word baie kere teen hulle gebruik.

#4 Winkelsentrums verdwyn

Winkels word al hoe kleiner of maak toe omdat mense meer aanlyn koop. Jy kan koffie by Starbucks met 'n app koop. Winkelsentrums is nou plekke waar mense eerder sosialiseer. Aanlyn-inkopies is nou algemeen, en dis nie meer net 'n jongmens-ding nie.

#5 'n Nuwe Afrikaans

Afrikaans het verander. Kommunikasie op sosiale netwerke is verskillend as gesproke taal soos letters wat weggelaat word. Byvoorbeeld: "Muni dnk i mens wat so prt is dom ni." Jongmense moet leer watter tipe taal in 'n spesifieke situasie gebruik moet word. Op Facebook het 'n vrou op die dood van 'n vriend reageer met 'LOL'. Sy het gedink dit beteken 'Lots of Love', maar dis eintlik 'Laugh out Loud'.

[BRON: Aangepas uit *Taalgenoot*]

[10]

TOTAAL AFDELING B: 10

VRAAG 5 VOORBEREIDE GEDIG

Bestudeer die gedig en beantwoord die vrae daarvoor.

DAAROM

Ilina Stander

- 1 My profiel
- 2 is 'n spieëlskrikker,
- 3 my vel 'n dermatoloog se droom,
- 4 my arms en bene misliklank in die pad,
- 5 my bolip se dons bleek.
- 6 Tussen meisies: die groot krater.

- 7 Daarom antwoord ek nie
- 8 met my deurslaanstem nie,
- 9 kruip ek eerder onder my kuif
- 10 (ononderhandelbaar) weg
- 11 en oefen ek agteraf
- 12 my afsakbroek-stap.
- 13 Daarom bid ek die tyd om.

- 14 Intussen donder ek deure toe.

[BRON: *Toulopers: Verse vir Tieners* – Saamgestel deur J Jacobs, Lapa 2011]

Vrae:

- 5.1 Wie praat hier in die gedig? (1)
- 5.2 Wat bedoel die spreker as hy sê '*My profiel is 'n spieëlskrikker*' (versreël 1 & 2)?
Verduidelik in jou **eie woorde**. (1)
- 5.3 Haal **die een versreël** aan wat verduidelik dat 'n veldokter daarvan sal hou om die seun se vel te behandel. (1)
- 5.4 Wat, volgens die spreker, is verkeerd met sy liggaam? (1)
- 5.5 Is die seun se gesigshare lig? **Verduidelik** jou antwoord deur slegs **een woord** uit strofe 1 aan te haal. (1)

- 5.6 **Kies die korrekte antwoord.** Skryf slegs die vraagnommer en letter neer.
Die woord 'Daarom' (versreël 7) dui die..... in die gedig aan.
- A wending
 - B ellips
 - C enjambement
 - D elisie (1)
- 5.7 Wat bedoel die spreker as hy van sy 'deurslaanstem' (versreël 8) praat? (1)
- 5.8 Haal **die woord** aan wat 'n voorbeeld van **parentese** is. (1)
- 5.9 Van watter **tyd** praat die spreker in, 'bid ek die **tyd** om' (versreël 13)? (1)
- 5.10 Verduidelik volledig hoekom versreël 14 **alleen** staan. (1)
- [10]**

VRAAG 6 VOORBEREIDE GEDIG

Lees die onderstaande gedig deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

Staan op! (Fanie Viljoen)

1. Staan op! As jy al ooit alleen was.
2. Staan op! As jy al ooit gespot is omdat jy gesê het
3. hoe jy werklik voel.
4. Staan op! As jy al ooit daaraan gedink het dat
5. niemand van jou sal hou as hulle jou werklik ken nie.
6. Staan op! As jy al ooit verwerp gevoel het omdat
7. jy te vet / te maer / te lelik / te ... was.
8. Staan op! As jy al ooit daaraan gedink het om
9. “iets aan jouself te doen”.
10. Staan op! As jy dink daar is net donker in die toekoms.
11. Staan op! As jy partykeer nie antwoorde het op jou vrae nie.
12. Staan op! As jy al ooit jou pyn vir ander mense moes wegsteek.
13. Staan op! As jy dink jy is nie aanvaarbaar nes jy is nie.
14. Staan op! As jy al ooit gehuil het omdat jy jouself
15. nie kan verander nie.
16. En kyk – hoeveel mense sit nog om jou?



[Bron: Toulopers, Lapa, 2011]

[Afgelaai: 15 April 2024]

Vrae:

- 6.1 6.1.1 Wie, dink jy, is die spreker in die gedig? (1)
- 6.1.2 Wie is die spreker se **teikengroep**? (1)
- 6.2 Die titel word tien keer in die gedig herhaal.
Verduidelik die gebruik van die **uitroepteken** ná die woorde: “Staan op!” (1)
- 6.3 Haal ‘n **enkele woord** uit die gedig aan wat op die **teenoorgestelde** van die titel dui. (1)

6.4 Lees reël 9: “*iets aan jouself te doen.*”

6.4.1 Verduidelik die gebruik van die **aanhalingstekens** in reël 9. (1)

6.4.2 Wat beteken hierdie woorde in konteks van die gedig? (1)

6.4.3 Kies die **korrekte antwoord** en skryf slegs die korrekte alfabetletter neer:

Dit is ‘n voorbeeld van:

A. hiperbool.

B. oordrywing.

C. epistroof.

D. eufemisme.

(1)

6.4.4 Gee enige **moontlike rede** uit die gedig wat kan veroorsaak dat jy

“*iets aan jouself wil doen.*”

(1)

6.5 Benoem die **stylfiguur** in reëls 14 en 15.

(1)

6.6 Wat is die **antwoord** op die vraag wat die spreker in die laaste reël vra?

(1)

[10]

VRAAG 7 ONVOORBEREIDE GEDIG

Lees die onderstaande gedig en beantwoord die vrae wat volg:



[Google Images]

gewigtig

Fanie Viljoen

1. as ek jou gemoed maar net ligter kon maak
2. soos 'n begin-van-die-jaar skooltas
3. het ek jou deur hierdie donker gedra
4. maar ek moet jou los, sê jy
5. want dis te moeilik om op te kyk
6. te moeilik om aan te gaan
7. terwyl ander om jou lag en lewe
8. en jou eie wêreld ondertoe rem
9. soos 'n einde-van-die-jaar-skooltas
10. dit maak my bang om jou so te sien, weet jy?
11. wat as ek jou verloor?
12. wat as ek eendag wakker word en hoor
13. jy het toe gisteraand die medisynekas leeggedrink?
14. dat jy nou nóg lig nóg swaar het
15. dat die gewig van skooltasse nie meer saak maak nie
16. daar waar jy nou is

**gemoed – state of mind*

[Bron: Sterkykers, 2016]

Vrae:

- 7.1 Hoekom is 'n “begin-van-die-jaar skooltas” gewoonlik **ligter**? (1)
- 7.2 Hoe wil die spreker die ander persoon help, volgens **strofe een**? (1)
- 7.3 Haal 'n **antoniem** vir die woord, “*lig*”, uit **strofe een** aan. (1)

- 7.4 Haal **een versreël** uit **strofe twee** aan wat wys dat die persoon nie die

- spreker se hulp wil hê nie. (1)
- 7.5 Wat **doen** ander mense wat wys dat hulle **gelukkig** is?
Haal **twee aparte** woorde uit **strofe twee** aan. (2)
- 7.6 Die persoon voel **depressief**.
Waarmee word die persoon se gemoed (*mood*) in **strofe twee** vergelyk? (1)
- 7.7 Kies net die **regte** antwoord. Skryf die nommer en die antwoord neer.
Die atmosfeer wat die gedig skep is:
A opgewek
B emosioneel
C depressief
D lighartig (1)
- 7.8 Haal 'n voorbeeld van **assonansie** uit **strofe drie** aan. **Onderstreep** dit. (1)
- 7.9 Die **spreker** is bang om die vriend/vriendin te **verloor**.
Wat het die persoon (die jy), volgens die gedig, moontlik **gedoen**? (1)
[10]

TOTAAL AFDELING C: 30

AFDELING D TAALVAARDIGHEID

VRAAG 8 SINSTRUKTURE

Skryf die volgende sinne oor en begin soos aangedui.

Skryf **die hele** sin uit.

As 'n Franse student, het jy elke dag klas van agtuur die oggend tot halfses in die middag, Maandag tot Vrydag. Jy kry een "pouse" van 90 minute. In daardie tyd kan jy by die skool se kafeteria of êrens in een van die stad se vele kafees of restaurante eet. Sommige van my Franse vriende gaan selfs huis toe en kom dan terug vir die tweede sessie.



[Afgelaai: 15 April 2024]

8.1 Die skooldag in Frankryk is baie lank vir kinders om te konsentreer.

In die toekoms... (1)

8.2 My vriend moet vir my Frans leer.

My vriend behoort... (1)

8.3 Dit is duur om 'n sport te beoefen, want jy moet ekstra daarvoor betaal.

Aangesien... (1)

8.4 Die kinders leer elke dag drie tale by hulle skool.

Drie tale... (1)

8.5 Die studente leer Frans om na Frankryk te gaan.

Die studente leer Frans sodat... (1)

8.6 Die seun sê: "Die lang skooldag maak my baie moeg."

Die seun sê dat ... (1)

- 8.7 Die reisiger het eergister 'n buskaartjie by die stasie gekoop.
'n Buskaartjie... (1)
- 8.8 Die kinders sit en gesels met mekaar op die trap.
Die vorige maand... (1)
- 8.9 Sal Leon nog die einde van die jaar in Frankryk wees?
Nee, ... (1)
- 8.10 Die kinders leer die nuwe taal aan.
Die kinders hoef ... (1)
- 8.11 Die Franse onderwyser is baie streng. Die taal is vir hom belangrik.
Die Franse onderwyser vir wie... (1)
- 8.12 Die studente som die werk in die biblioteek op. Die onderwyser verduidelik eers die werk.
Nadat... (1)
[12]

VRAAG 9 WOORDSTRUKTURE

9.1 (Elke oggend – een woord) trek ek gewone **9.2 (kleure/klere – kies die korrekte woord)** aan. My pouse is **9.3 (beslis – gee 'n sinoniem)** ontspanne wanneer ek middagete saam met vriende in 'n **9.4 (straatkafee – verkleining)** deurbring. Om **9.5 (17h30 – skryf uit in woorde)** die middag maak ek klaar met skool, neem ek die metro huistoe en **9.6 (in die aande – een woord)** speel ek binnenshuise tennis. Die lewe in Frankryk is anders as in **9.7 (SA – skryf voluit)**. Ek is tans in Lille, Frankryk, waar ek vir drie maande skoolgaan.

In die meeste Franse skole kies jy 'n rigting en **9.8 (maklike – gee 'n antoniem)** vakke. Jy kan kies uit Literatuur, **9.9 (Science – gee die korrekte Afrikaans)** of Ekonomie. Die tyd wat jy aan vakke spandeer sal verskil volgens jou keuse. Ek het verlief **9.10 (in/op/met – kies die korrekte voorsetel)** die Franse landskap geraak. Die Franse studente het baie pret en ek het hulle **9.11 (opgewen- gee die teenwoordige deelwoord)** verhaal baie geniet. Jy leer drie tale, Frans, Engels en Spaans of Duits en dit is baie **9.12 (interesting – gee die korrekte Afrikaans)**.

Een dag van die week word daar **9.13 (toets – meervoud)** geskryf, wat wissel tussen twee tot drie uur lank. Die Franse gaan dus baie skool. Party gaan selfs op Saterdag skool. Dit vat die **9.14 (baie – oortreffende trap)** van hul tyd, maar dan het hulle gewoonlik op Woensdae 'n tydjie af omdat hulle **9.15 (baie moeg – intensiewe vorm)** is.

Sport is glad nie deel van die skoolkurrikulum nie. Maar, daar is niks wat jy nie kan **9.16 (behandel / handel / hanteer – kies die korrekte woord)** nie. Jy kan byvoorbeeld uit swem, atletiek, vlugbal en rotsklim kies. **[16/2=8]**

VRAAG 10 KOMMUNIKASIE

Die Graad een studente van Laerskool Protearif het 'n gespreksvoering oor hul eerste dag by die nuwe skool. Bestudeer die foto en voltooi die instruksies onderaan.

- Kyk na die prent hieronder.
- Ná die prent volg vyf punte wat elk 'n denkbeeldige situasie skets.
- Lees elke situasie wat geskets word en skryf neer wat jy dink die persoon in die situasie sou sê.
- Moenie die **vetgedrukte** woorde herhaal nie.
- Elke antwoord moet **15-20 woorde** lank wees.
- Skryf elke antwoord se **woordtelling** onderaan die respons neer.



[Bron: Klasgids 2022] [Foto afgelaai: 26 Mei 2024]

- 10.1 Die Juffrou (nommer 1) **groet** die nuwe graad een studente. Sy **stel haarself** aan hulle **voor**. Wat sê die juffrou vir hulle. (2)
- 10.2 Die seun links (nommer 2) is **opgewonde** oor die nuwe skool. Hy vertel sy juffrou **waarna** hy baie uitsien. Skryf neer wat hy sê. (2)
- 10.3 Die meisie regs (nommer 3) het seergekry en sy is in **pyn**. Sy vertel die groep **wat** gebeur het. Skryf haar woorde neer. (2)
- 10.4 Die seun regs (nommer 4) word geboelie deur 'n Graad 6 seun. Hy is baie **hartseer**. Hy vertel **wat** die boelie aan hom gedoen het. Skryf sy woorde neer. (2)
- 10.5 Die meisie links (nommer 5) **simpatiseer** met die seun (nr 4). Sy sê vir hom **hoe** sy hom sal help. Skryf haar woorde neer. (2)

[10]

TOTAAL AFDELING D:30
GROOTTOTAAL:100

